PREDIKANTE:
dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
ds Louis Buys
☎ 082 927 2034

JEUGMENTOR:
Louis Aucamp
☎ 074 150 2022

WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za
FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

Gereformeerde Kerk Benoni

Rom 12:2

Polsslag

22 Oktober 2017

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 09:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

KOÖRDINEERDER
Ronel Ritchie
☎ 081 218 3048
ronel@gkbenoni.co.za
BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE:

OGGENDDIENS 09:00

ds. Louis Buys

***Skrifgedeelte**: Romeine 3: 9-31*
***Fokusverse**: Romeine 3:23 - 24*
***Tema:** Jy sal net die lig waardeer as jy werklik donkerte beleef het.*

LOF-EN AANBIDDINGSDIENS 17:00

Louis Aucamp
Skrifgedeelte: 1 Johannes 1: 1– 2:2
Fokusvers: 1 Johannes 2: 1-2
Tema: Maak 'n sin met die woordjie versoening.

AANDDIENS 18:30

ds. Louis Buys

***Skrifgedeelte**: Handelinge 1: 1 - 8*
***Fokusvers:** Handelinge 1:8*
***Tema:** Hoe verstaan ons die krag van Jesus?*

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS.
KOM GENIET 'N KOPPIE KOFFIE/TEE IN DIE SAAL SAAM MET ONS NA DIE EREDIENS.

MET ATTESTAAT VERTREK:

Maryn Jansen van Vuuren na GK Boksburg-Suid.

KNIELTYD - Ons gee om vir mekaar

MEELEWING:

DANKBAARHEID:

- Lenie Venter is uit die hospitaal ontslaan, en ons bid haar 'n volkome herstel toe.
- Dit gaan elke dag bietjie beter met klein Luke, Carla en Wesley Walsh se seuntjie. Hy is steeds in die hospitaal.
- Ons is saam met tannie Ann Mackay dankbaar dat die laaste opvolgbesoek getoon het dat daar geen kanker-selle meer te bespeur is nie.

GELUKWENSING:

- Baie geluk aan alle kinders wat in hul onderskeie skole as leiers vir volgende jaar verkies is. Sterkte met hierdie verantwoordelikheid.

Het jy behoefte dat iemand vir jou of saam met jou bid?
Jy kan jou gebedsversoeke stuur na 084 627 2393
Ons bid graag vir jou!

SUSTERSSAAMTREK 2018

Pilhouertjies vir fondsinsameling vir die susterssaamtrek is by die deure beskikbaar. Help ons asb. om hierdie saamtrek 'n baie unieke dag te maak.
Vul die houertjie met R5'de en plaas in die kollektesakkies.
RAAK BETROKKE: Vul asb. julle vormpies in om aan te dui waar jy betrokke wil/kan raak en gee aan Donsie Kruger, Ina Bolt of Ina van Eeden.
Alle voorstelle baie welkom.

DAGBOEK VIR VIR DIE WEEK

DAG		AKTIWITEIT	LOKAAL	KONTAKPERSOON
Vandag	08:00 09:00 Na oggenddiens 17:00 18:00	Gebedsgroep Peutersorg Katkisasie gr 1-7 Sanggroep Katkisasie gr 8 –10	Ou moederskamer Kerkhuis Onderskeie locale Kerksaal Onderskeie lokale	Donsie Krüger Anneke Salomons Adri van Tonder Tarina van der Merwe Adri van Tonder
Maandag	09:30 19:00	Bybelstudie Volwasse kategese	Rynpark 5 Kerkhuis	Adrie Goede Louis Buys
Dinsdag	09:00	Koördinerings vergadering	Konsistorie	Ronel Ritchie
Vrydag	09:00	Bybelstudie met Braam	Konsistorie	Braam Krüger

VRA JOU VRAE.

Die vra jou vrae wat die laaste Maandag van elke maand aangebied was, word vir die res van die jaar weens verskeie redes gestaak. Dink solank watter vrae in jou kop bly maal, en kom vra gerus vroeg in 2018. Aanvangsdatum sal gekommunikeer word.

JEUGKAMP - DINOKENG

Die hoërskool jeugkamp by Dinokeng was 'n baie groot sukses. Die Tema was "Kom Kyk" en die Bybelstudies is deur ons jeugmentor Louis Aucamp hanteer. Ons het baie lekker (self) gebraai, stokbrood gemaak, geswem, op wildsritte gegaan, klippe gegooi, skyf geskiet en tot in die vroeë oggendure "Pool" gespeel wat sy tol die volgende dag geeïs het.

Die fasiliteite was fantasties en ons wil vir Oom Bennie en Tannie Kobie du Randt baie dankie sê dat ons by die Lodge kon bly, dit was fantasties.

Ons het mekaar ook beter leer ken en het as 'n vriendegroep baie sterker geword.

Hoërskooljeug – GK Benoni

SANGGROEP:

Ons oefen met die oog op die Kerssangdiens van 12 November. Waar is al die stemme heen? Verlede week was daar 3 mans en 3 dames (soprane). Dis nog nie te laat nie – kom voeg asb. jóú by die ander elke Sondagmiddag 17:00 in die saal – daar is net 3 weke oor. Indien daar nie vanmiddag genoeg mense opdaag nie, sal die sanggroep nie voortgaan nie.

Kontak Tarina vd Merwe na die diens of by 083 785 5345

DATUMS OM TE ONTHOU	
27 Oktober	Golfdag
12 November	Kerssangdiens @ 17:00
19 November	Nagmaal oggend & aand
26 November	Muntlegging na oggenddiens Songs of Praise @ 15:00

DIENSBEURTE		
DATUM	TEESKINK	OUDERLING
Vandag	Wyk A5 olv Jaap Smit	Schalk Venter
Volgende week	Hannes vd Linde & Nicoli	

KLANK EN PROJEKTOR:

Die klank en projektor vorm 'n integrale deel van die erediens – daarsonder kan die erediens nie voortgaan nie. Daarom is die persone wat die stasie beman net so belangrik.

Ons doen weer asb, 'n dringende beroep op enige persoon/e (manlik, vroulik, Gr 7-12, jongmense of ouer mense) wat belangstel om betrokke te raak om asb. na vore te kom. Ons het regtig dringend nog mense nodig. Die nodige opleiding word verskaf en ondersteuning is altyd beskikbaar.

Kontak Tarina van der Merwe na die diens of by 083 785 5345

LEË ROOMYS – EN MARGARIEN BAKKE

Belvedere skool het 'n voedingskema wat aan behoeftige gesinne sop huis toe stuur saam met die kinders. Hulle benodig leë roomys– en margarine bakkies om die kos in te skep. Die bakke kan in die boks wat gemerk is "plastiek bakke" in die by die kombuis geplaas word vir hierdie doel.

Lynette Wigget ☎ 084 350 7764

VERJAARSDAE 22 - 29 Oktober 2017

DAG	NAAM	KONTAK NO.
Sondag 22/10	Conner Herbst ☺	
Maandag 23/10	Mieke Grobler ☺	
Dinsdag 24/10	Jana Bateman	064 902 1753
Woensdag 25/10	Amone Coetzee ☺ Nina du Plessis ☺ Jessica Stapleton	
Donderdag 26/10	Odette Emmerson	072 120 4285
Vrydag 27/10	Nico Boshoff Hermien Eloff	081 049 7066 082 884 5427
Saterdag 28/10	Veronica Boshoff Rita Coetzee Annetjie Erasmus	083 729 2917 082 881 5613 082 761 5752

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

BAIE GELUK AAN ALMAL WAT HUL VERJAARSDAE VANDAG EN IN DIE KOMENDE WEEK VIER!

SONGS OF PRAISE 2017
SYMPHONY OF LIGHT
GEREFORMEERDE KERK BENONI
SONDAG 26 NOVEMBER 2017 @ 15:00

Cantare Jubiloso koor gaan ons weer bekoor onder die bekwme leiding van wel bekende dirigent Richard Cock en gaskunstenaars Nicolas Nicolaidis(tenoor) & Douwe Bijkersma (baritoon).
Bespreek jou kaartjies nou om teleurstelling te voorkom.
Kaartjies vanaf R130 tot R220.
Kaartjieverkope sal in die konsistorie na die oggend-dienste tot 11:00 gedoen kan word.
Bring asb. jou bankkaart of kontant saam.
Sitplekke beperk, so bespreek jou kaartjies vroegtydig.
Kaartjies aanlyn beskikbaar op **Quicket** se webblad, of kliek op die skakel op die gkbenoni se webwerf.
Navrae : Ronel Ritchie 081 218 3048 of
Derik van Niekerk 081 475 4751

KOLLEKTES van 15 Oktober

Verlede week: Diens van Barmhartigheid : R 8329
Ekumenisiteit Buitelands : R 2434
Jeugfonds : R 304

Vandag: Onder die diens: Diens van Barmhartigheid
By die deure: Bybelgenootskap van SA

Volgende week: Pro Ecclesia Beursfonds

ISRAEL EN JORDANIE DESEMBER TOER:

Seagull toere bied vanaf die 9 tot 20 Desember 2017 'n toer na Israel en Jordanie aan.
Daar is nog 'n paar plekke beskikbaar.

Indien iemand sou belangstel kontak vir:
Jaap Smit 082 803 5728 of
Ben Venter 082 805 0953 vir verdere inligting.

GK-BENONI GOLFDAG 27 OKTOBER 2017
BENONI COUNTRY CLUB

Die jaarlikse gholfdag sal weer ten gunste van die President Kruger Kinderhuise aangebied word wat deur ons kerkverband bestuur word. Daar is 2 kinderhuise. Die een is in Pretoria & die ander is in Reddersburg. Ons ondersteun hulle elke jaar met die opbrengs van die golfdag deur behulp van Hanli Buys, Hettie Viljoen en die diakonie. In die verlede het ons gehelp om vir elke kind n verjaarsdag geskenk te koop asook om van die kinders te help om die riviertoer wat jaarliks aangebied word deur GK Frankfort by te woon.

Om hierdie hulp weer te kan aanbied versoek ons almal wat kan help en veral dié wat gholf speel of mense ken wat speel om vir Dirk van der Wateren of Ryan Colyn te kontak. Soos met vorige jare is ons op soek na helpers op die dag te help, en borge wat bereid is om n paar rand te gee om te help met onkostes van die dag, asook die finansiele hulp aan die kinderhuise soos genoem.

Besonderhede vir die dag is as volg:

BETTERBALL STABLEFORD

* R2000 / vierbal Halfway & aandete ingesluit * R2500 / Gaatjie borg

Kaartjies vir die Vrydagaand se prysuitdeling en ete teen R100 per persoon is beskikbaar.

Navrae: Ryan Collyn 083 285 7534 of Dirk van der Wateren 082 894 6731

REFORMASIE 500 - UIT DIEP VAN DONKER NAGTE

Wanneer: 25, 26, 27, 28 Oktober 2017
Waar: Gereformeerde Kerk Centurion,
Basdenlaan 226, Lyttelton, Pretoria
Tyd: 19:00 vir 19:30 – 22:00
Koste: R80 tot R180
Kaartjies: https://tickets.tixsa.co.za/event/udvdn
Hierdie opvoering laat die Reformasie na 500 jaar herlewe in 'n unieke produksie wat oud en jonk diep sal tref. Die opbrengs word geskenk aan die GK Emeritaatsfonds.

Navrae: navraeddn@gmail.com

HERVORMINGSFEES WESRAND

In samewerking met die ander Afrikaanse Kerke word 'n Hervormings program in Krugersdorp aangebied. Daar sal 'n kort voorstelling van die Luther gebeure wees saam met 'n orkes en koor en gemeente sang.
'n Kollekte agterna sal gaan vir Bybelverspreiding
Sondag 19 Oktober 2017 @ 16:00
In die kerkgebou van die Nederduitsch Hervormde Kerk Krugersdorp hv President en Krugerstraat.
(Klipkerk agter Munisipale geboue)
Enige navra: Kobus v Tonder 0825442879 / altydbeter@gmail.com

FRANKFORT RIVIERTOER 2017

Die Riviertoer is deel van die GK Frankfort gemeente-inisiatief, in samewerking met die deputate jeugsorg vd GKSA, om met hulp van regoor die land, ons kerke-jeug te bedien.

- Waar: Plaas Zorgvliet – Tweeling distrik naby Frankfort
- Wanneer: 29 November tot 3 Desember 2017.
- Wie: Hoërskool leerders (Gr. 8-12)
- Koste: R770 per kind
- Hoe: Inskrywingsvorm beskikbaar deur die woord "Riviertoer" na polsslag@gkbenoni.co.za te stuur.
- Tema: Strome …

Algemene navrae: Sanette Struwig - 073 027 9181
sanette.struwig@gmail.com of
Jorinda Wessels 082 927 9807 of
Hanli Buys 072 200 1155

DAMESSTUDENTE VERBLYF BESKIKBAAR VIR 2018.

Op NWU Potch kampus (GK Cachet se huidige kantore word omskep in 3 kamers, 2 badkamers en 1 kombuis wat 6 dames kan huisves).

- R2000 p/p p/m wat kamer deel.
- Water en ligte ingesluit.

Kontak Brahm Robinson 064 656 1374/
brahmrobinson@gmail.com

BYBELVRAAG VIR DIE WEEK

Verlede keer 15 Oktober 2017 se antwoord: 1 Konings 1 vers 39
" Die priester **Sadok** het 'n horing vol olie uit die heilgdom saamgebring. En hy het vir Salomo gesalf. Toe blaas hulle die ramshoring en die mense roep:"" Lank lewe koning Salomo" "".
Die volgende Bybel lesers het korrekte antwoorde ingestuur
Jan Lubbe; Martie Gibson; Una Steyn; Chrissie Pretorius; Klein de Kock; Judy Greyling

Hierdie week: Soek die Bybelvers

" Daarna het sy broers en sy hele familie gekom en sy lyk kom haal. Hulle het hom gevat en gaan begrawe tussen Sora en Estaol, in sy pa Manoag se graf. Simsonwas **???????** jaar lank leier van die Israeliete."
Vraag: Hoe lank was Simson leier van die Israeliete?
Lees gerus Rigters en noem hoeveel jaar Simson leier was van die Israel en noem waar bostaande vers staan en SMS dit met jou naam en van na 082 873 3173.

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE:

BANK - ABSA
TJEK REK - 220 340 333
VERWYSING - Volle Naam, Van & Doel

Of Snapscan:

Debietordervorms is beskikbaar vir maandelikse dankoffers.

Diens van Barmhartigheid

Bybelverspreiding SA